Dienelkander

Nuusbrief van die Gereformeerde Kerk Potchefstroom-Oos

WhatsApp: 067 713 2332 **Webblad:** www.oosdoppers.co.za
Facebook: www.facebook.com/oosdoppers **Erediens videobank:** http://ow.ly/ivfZ309vsdc
Intydse erediensuitsendings op YouTube by: Oos-Doppers Potch

9 Mei 2021

09:30 EREDIENS/INTYDSE UITSENDING
Ds. Piet

Esra - preek 1

Dis die jaar 536 vC en Kores word koning van Babel en Hy vaardig ‘n bevel uit dat al die ballinge kan terugkeer na hulle land.

Ongeveer 664 jaar gelede (in die jaar 1200 vC) staan die volk Israel op die punt om die beloofde land in te neem en toe reeds waarsku Moses hulle in Deut. 30 dat indien hulle ongehoorsaam is aan die Here, Hy hulle in ballingskap sal stuur en indien hulle hul bekeer sal die Here uit ballingskap terugbring.

Die profeet Jesaja (Jes 44 en 45) herhaal ongeveer 460 jaar later (740 vC) hierdie belofte van terugkeer en kondig aan dat die Here dit deur koning Kores sal bewerk wat sy volk sal vrylaat uit Babel.

Nog 114 jaar later (in die jaar 626 vC) herhaal Jeremia (Jer 25) ook hierdie belofte van die Here en dat Hy die volk na 70 jaar sal laat terugkeer uit ballingskap.

En hier in Esra 1 word hierdie eeue-oue belofte van die Here vervul: Kores, koning van Persië, wat Nebukadneser van Babel oorwin het, kondig aan dat alle volke wat na Babel gebring is, kan terugkeer na hulle lande!

Is dit nie ongelooflik nie? ‘n Seshonderdjaar oue belofte gaan in vervulling!

Tema: God is getrou en by magte om al sy beloftes aan jou te vervul - bly jy maar getrou aan Hom!

Lofsang met die oog op die erediens
Lied 203: 1, 2, 5 en Lied 476: 1, 4

God en ons ontmoet mekaar
Intreelied: Ps 112 - 2: 1, 2; Votum; Seën; Loflied Ps 89 - 1: 1, 2; Geloofsbelydenis: NGB Art 36

Ons verootmoedig ons voor God
Wet: Eksodus 20; Sing Ps 119 - 2: 1, 2, 16; Gebed

God bedien aan ons sy Woord en ons ontvang dit aktief in geloof
Skriflesing: Deut. 30: 1 - 10 /
Jesaja 44: 26 - 45:7 /
Jeremia 25: 8 – 13 /
Esra 1:1 - 4

Teksverse: Esra 1:1
Sing Ps 93 - 2: 1, 2, 5 (Mel: Lied 582 Eventide); Woordverkondiging

Ons antwoord op die Woordbediening
Gebed; Sing Ps 149 - 1: 1, 2, 4 (Eerste melodie) ; Seën; Amenlied: Sb 13-2.

Liefdegawes by vanoggend se erediens is vir: Diakonie en die Emeritusfonds.

17:00 GESAMENTLIKE GROEPBYEENKOMS

Alle lidmate word uitgenooi na vanaand se byeenkoms om 17:00 in die kerkgebou. Die byeenkoms het ‘n tweeledige doel:
1. ons wil graag terugvoer ontvang na aanleiding van ons Fokustydperk en
2. ds Piet gee ‘n aanbieding oor die agtergrond van die boeke Esra en Nehemia om dieper insig te verkry en verryking te verleen aan die reeks preke wat gaan volg.

MEELEWING

- Ria Robberts (Groep 10 - 082 444 7544) se rugoperasie in Pretoria het goed afgeloop.
- Rita Kleynhans (Groep 25 - 083 327 5749) ervaar die laaste tyd baie swak gesondheid vanweë haar kroniese siektetoestand.
- Sannie Pieters (Groep 36) was in die hospitaal opgeneem vir behandeling van longontsteking en herstel nou tuis.
- Pierre Volschenk (Groep 23 – 082 467 5800) het COVID-19 opgedoen en sterk tuis aan.

Ons bid al hierdie lidmate troos en beterskap toe in hierdie beproewings.

ONS VRA VOORBIDDING VIR DIE VOLGENDE LIDMATE WAT SUKKEL MET SIEKTE OF SWAK GESONDHEID

Isak vd Walt, Lana Labuschagne, Estette Bredenkamp, Annette Coetsee, Joe Coetzee en Rita Kleynhans.

BAIE GELUK

Zanè Labuschagne het Saterdag in die huwelik getree met Werno van Niekerk! Baie geluk ook aan Antonie en Corlia!

BEDIENINGE VAN HIERDIE WEEK

Vandag
09:30 Oggenddiens
Gemeentevergadering: Goedkeur van gemeente se begroting
Kleuterbediening
Katkisasie: Les 8
17:00 Gesamentlike groepbyeenkoms en lidmate in die kerk

Maandag
18:30 Bestuursdiensgroep

Dinsdag
06:00 Manne Ondersteuningsgroep
17:15 Katkisasie Gr 11

Woensdag
09:30 Bybelstudie
17:15 Katkisasie Gr 8
18:00 Katkisasie Gr 9
18:30 Katkisasie Gr 10
18:30 Gebed en Ondersteuning

Donderdag
19:00 Gesamentlike Hemelvaartdiens: Die Bult (fisiese erediens by die Bult en intydse uitsending)
18:00 Elim Bybelstudie

Ds. Pieter van der Walt met verlof

Ds. Pieter en tannie Marthie is met verlof tot 19 Mei. Ons wens hulle ‘n aangename rustyd toe.

Jou gebede as Oosdopper

Baie dankie dat jy ook 'n biddende lidmaat van die gemeente is wat die hele bediening van die gemeente in jou hart – en ook in jou gebede – dra. Kom ons fokus hierdie week op die volgende sake:

(1.) Sorg dat jy 'n NUUSBRIEF kry en lees dit asb BIDDEND deur (neem al die sake wat daar genoem word, biddend in jou hart in). Bid spesiaal vir al ons geestelike leiers wat in hierdie moeilike tye moet voorloop en die Here se wil moet soek. Bid vir ds Piet en al die predikers wat die Woord van God moet bestudeer en dan moet verkondig.

(2.) Bid asb vir almal wat beproef word (by name). Bid dat die Here elkeen van hulle met geloofskrag, volharding en genesing sal seën. Bid asb ook om die Here se genade en beskerming terwyl COVID-19 se verwoesting wêreldwyd voortduur.

(3.) Ons vra spesiale voorbidding vir ons komende GEBEDSWEEK (17-23 Mei). Dit is ons gemeente se HERBEWAPENINGS-WEEK ('n week om weer diepgaande oor ons geestelike wapenrusting te besin). Ons gaan spesiaal fokus op gebed. Bid dat elke lidmaat, elke gesin en elkeen van ons kinders en jongmense (ons wil baie spesiaal fokus op die toerusting van ons jeug), in hierdie komende week meer sal leer oor die wese en die krag van gebed. Bid asb dat die toerusting wat volgende Sondag uitgedeel sal word, vir elke lidmaat (groot en klein) tot groot seën sal wees.

(4.) Onthou asb om aan te hou om enige gebedsversoek wat jy mag hê vir ons gebedsgroep te stuur. Hulle sal dit beslis hanteer. Jy is ook welkom om self by die gebedsgroep an te sluit. Stuur jou versoek na elsiecferreira@gmail.com

(5.) **Herinnering:** Onthou om volgende Sondag jou nuwe GEBEDS-DAGBOEK te ontvang.

(6.) Dankie dat jy saam met ons bid.

GEMEENTELIKE BEGROTING 2021-22

Tydens die gemeentevergadering word slegs 'n oorsig oor die begroting gegee. Enige lidmaat wat graag insae in die volledige begroting wil hê, kan met die kassier (Pieter Lourens) of die voorsitter van die Finansies Diensgroep (Krause van der Walt) daaroor praat.

Verkorte inkomste- en uitgawestaat:

Inkomste:	R
Dankoffers	2 655 000
Projekte	385 000
Ander	39 500
Totaal:	**3 079 500**

Uitgawes:	R
Alle funksionarisse & Hulpdiens	1 911 055
Ramings	628 000
Eiendomsonderhoud	292 000
Munisipalekoste	170 000
Bediening na buite	158 000
Drukwerk/skryfbehoeftes	62 600
Versekering	50 000
Verskeie ander kleinere	163 660
Totaal:	**3 435 315**
Begrote tekort:	**R355 815**

DIAKONIE: VERSLAG OOR AANWENDING VAN FONDSE

Die Diakonie gee graag terugvoer aan die gemeente oor die aanwending van diakonale fondse. Ons is die Here dankbaar dat Hy nog altyd genoeg fondse voorsien sodat ons die nood binne ons gemeente kan bedien en ook na buite hulp kan verleen.

Barmhartigheidsorg binne ons gemeente

2019 R 284,336.20
2020 R 405,296.04
2021 R 118,256.30 (tot April)

Die impak van die COVID-19-pandemie in 2020 kan duidelik gesien word met dramatiese verhoging in behoeftes. Die Here het egter so ruim gedurende hierdie krisisjaar voorsien dat die verhoogde aanvraag geen negatiewe impak gemaak het op die Diakonie se fonds en reserwe nie.

Gemiddelde maandelikse betalings vir behoeftes in ons gemeente:
2021 R 29,564.00

Robin Hood Projek
Ons ondersteun hierdie gemeenskapsinisiatief om behoeftes in die Potchefstroom omgewing aan te spreek:
2020 R 23,860.24 (Waarde van kospakkie benodighede wat ons geskenk het)
2021 R 4,000.00 (Tot April)
Daar is ook klere en komberse geskenk om in die gemeenskap uit te deel.

Vaste maandelikse betalings
Teologiese Skool: Hulp tov lewensbehoeftes van teologie studente: R 2,000 pm
Hulp aan die President Kruger Kinderhuise van die GKSA: R 500 pm

Verdere ad hoc skenkings
Noordkaapse Droogtehulp:
R 5,000
Sinodale Deputate vir Diakonale sake:
R 2,000

HEMELVAARTDIENS

Ons herdenk DV Donderdag die Hemelvaart van ons Here Jesus Christus. Om dit te vier vind daar die aand 19:00 'n gesamentlike erediens by Die Bult plaas en word ook direk gebeeldsend.

Die skakel na die direkte uitsending is: https://youtu.be/Y_jN6a5ynu8

VERJAARSDAE

Baie geluk aan almal wat DV hierdie week verjaar!

Maandag, 10 Mei
Sr Corrie du Plessis **(71)** 072 909 0715
Sr Hannetjie du Plessis 072 827 4744
Jsr Ilani Grobler
Br Huib v Hamburg **(75)** 082 550 5493

Dinsdag, 11 Mei
Sr Amone Delport 079 156 2993
Sr Judy Gouws **(86)** 073 044 9896
Sr Rachel Vorster **(84)** 083 235 7941

Woensdag, 12 Mei
Sr Nauma Blom 082 586 9111
Sr Carina Coetsee 078 011 2050
Sr Leischa Lazenby 082 668 5655

Donderdag, 13 Mei
Sr Elani du Preez 074 143 0098
Br Koos Jooste **(75)** 072 266 6515

Saterdag, 15 Mei
Sr Rita Kleynhans 083 327 5749
Sr Kitty Kruger **(94)** 082 302 0134
Br Johan vd Walt 082 571 6414

OOSDOPPERFEES - SATERDAG 29 MEI

Gemeente, ons komitee is hard aan die werk om hierdie jaar, met u ondersteuning 'n groot sukses van die Oosdopperfees te maak! Daar is vandag hulplyste in die voorportaal van die Skuur. Doen asseblief moeite om betrokke te raak en u naam op te skryf waar u kan help! Vind ook 'n Dankbaarheidslys in die Dienelkander - daarop kan u skenkings en ook u hulp aandui. Skenkings moet asb saam met die lyste, nie later as 23 Mei ingehandig word!

BOEKE – GROOT ASSEBLIEF!



Op 29 Mei vind ons jaarlikse Oosdopperfees weer plaas. Een van die stalletjies wat nooit sleg doen nie, is die Boeke-Oase. Maar dan moet daar boeke wees om te verkoop.

Daarom vra ons groot asseblief dat u vir ons verkoopbare boeke bring waarsonder u kan klaarkom. Kyk asseblief op die rakke wat u kort-kort moet afstof, na die boeke wat u tog nooit weer gaan lees nie en wat die kinders ook nie wil hê nie. Bring dit vir ons en bewys uself, die kinders, die eksekuteur, maar veral die Kerk, 'n groot guns.

Ons wil nou nie al te kieskeurig klink nie, maar moet asseblief nie ou telefoonboeke, sinode-agendas, traktaatjies, ou handboeke en verhandelings of proefskrifte bring nie. Net soos u het ander ouens dit ook nie nodig nie. Vra uself af of iemand iets sal wil koop en help ons, asseblief!

U kan dit gerus na die kerkkantoor toe bring, selfs op 'n Sondag na die erediens.

BYBELLEES PROJEK

Week 17 (10 – 16 Mei)

Maandag: 1 Konings 12: 1 – 32 en
2 Kronieke 10:1 – 12:16
Dinsdag: 1 Konings 12:33 – 15:32
Woensdag: 2 Kronieke 13:1 – 16:14
Donderdag: 1 Konings 15:33 – 18:46
Vrydag: 1 Konings 19:1 – 22:54
Saterdag: 2 Kronieke 17:1 – 19:11
Sondag: 2 Kronieke 20: 1 – 21:1

Stuur jou klagtes of gedagtes, enige navrae of versoeke aan Erasmus Venter by 076 090 4459 of stuur 'n e-pos aan eav.venter@gmail.com

BAIE DANKIE: BYBELVASVRA

Baie dankie Erasmus en die jeuggroep vir die aanbied van 'n heerlike kuier-aand met die Bybelvasvrae! Ons het dit almal baie geniet! Dankie vir groepe wat ingeskryf en deelgeneem het!

OUETEHUISE-PROJEK: GROEP 30

Groep 30 begin met 'n projek waar hulle pakkies maak vir die inwoners van ons Ouetehuise. Die pakkies bestaan uit 'n waslap, seep, lyfroom en ietsie bederf. Lidmate is welkom om by te dra vir die projek. Pakkies of items kan tot en met einde Mei by die kerkkantoor afgegee word hiervoor.

BEROEPE NUUS

Beroep aanvaar
Proponent IJ van der Westhuizen (Izak) na GK Colesberg

Beroepe bedank
• Proponent IJ van der Westhuizen (Izak) na GK Boksburg
• Proponent IJ van der Westhuizen (Izak) na GK Kroonstad

ALGEMENE INLIGTING

LIEFDEGAWES VIR BARMHARTIGHEID (DIAKONIE)

Hierdie QR-simboolkode is gekoppel aan die Diakonie se rekening en slegs bydraes vir Barmhartigheid kan daarmee gemaak word - geen ander betalings aan die Diakonie of kerkraad nie.

KONTAKBESONDERHEDE

Ds. Piet: 018 290 5635 / 082 779 1237
Hulpdiens: Ds. Pieter vd Walt – 082 851 3637
Erasmus Venter – 076 090 4459
Kerkkantoor: Adele– 018 290 7690 / 082 532 8658 - kerkkantoor@oosdoppers.co.za
Koster: Dawie v Zyl – 082 774 7936

KENNISGEWINGBORD

Woonstel te huur: Groenwilgers Aftree-oordW

SUSTERS IN DIE GELOOF

HOOP IN 'N WÊRELD WAT MET HOPELOOSHEID GEVUL IS.

1 PETRUS 1: 3-4 "...NOU HET ONS 'N LEWENDE HOOP....."

TEESKINKGELEENTHEDE

Selfhelpkoffie en -tee word vandag deur die volgende groepsusters en hul groeplede aangebied:

- Sonette Turkstra en groep 5, Estelle v Hamburg en groepe 13 en 23, asook Engela vd Walt en groep 31

Baie dankie aan die groepsusters en hulle groepe se susters, broers en kinders wat met die skink en opruiming help!

- Volgende week bied groep 6, Hannelie Pieters en groep 14, Marike Grobler en groep 24, asook Elsie Buijs en groep 32 se susters tee aan. Baie dankie julle!

SUSTERSBYDRAE

Die susters se fondse word uit elke suster se vrywillige bydrae (R150 per jaar) verkry, asook uit die fondse wat tydens fondsinsamelingsgeleenthede geïn word. Hierdie geld word gebruik om na minderbevoorregtes uit te reik en daar word jaarliks aan verskillende verdienstelike instansies, donasies gegee.

Dankie vir die susters wat op gereelde basis 'n bydrae vir hierdie werk gee.

BLIKKIES-WARMHARTE

Die doel van die blikkies (wat jy in die voorportaal van die kerk kan kry) is dat almal hulle lastige kleingeld in 'n blikkie sal gooi en die vol blikkie dan in die voorportaal van die kerk sal neersit. Die geld word dan gebruik om blomme of iets toepaslik aan te koop vir iemand wat deur beproewing gaan.

Baie dankie vir julle getroue bydraes!

SUSTERSAMEKOMS: 22 JUNIE



Liewe susters, let daarop dat ons Sustersamekoms van hierdie kwartaal skuif van 8 Junie na 22 Junie.

Oosdoppertjies

Johannes 3:16

Want so lief het God die wêreld gehad, dat hy sy enigste Seun gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe mag hê.

VROU WORD SOUTPILAAR

SOAR. - 'n Man het hier beweer dat sy vrou in 'n soutpilaar verander het toe hulle uit Sodom gevlug het, net voor die verwoestende ramp die stad getref het.

Lot, 'n broerskind van die bekende donkiehandelaar, Abraham van Hebron, is glo die aand voor die ramp deur twee onbekende mans ingelig oor die dreigende gevaar. Die mans het hom en sy gesin beveel om so vinnig moontlik pad te gee. Hulle moes vlug sonder om om te kyk, want, het die mans gesê, God gaan die stad straf oor sy sonde.

'n Entjie van die stad af het sy vrou glo omgedraai omdat sy van die kosbaarhede wat hulle in die huis moes agterlaat, wou gaan haal. Dit was toe dat sy in 'n soutpilaar vander het. Slegs Lot en sy twee dogters het die ramp oorleef.

Lees hiervan in Gen. 19 Bron: Die Bybelkoerant

BAIE DANKIE AAN ONS BORG VAN DIE WEEK

Oosdopperfees 29 Mei 2021

Troeteldierskou Inskrywingsvorm

Geref.Kerk Potchefstroom-Oos; Paryslaan Bailliepark 12:00 (29 Mei)

Inskrywingsfooi per kategorie: R20

Naam van eienaar: .....

Naam van troeteldier:.....

Kategorieë:

1. Besgeklede troeteldier	
2. Besversorgde troeteldier	
3. Gehoorsaamste troeteldier	
4. Lelikste troeteldier	
5. Baas en troeteldier "look-alike"	
6. Oulikste troeteldier	

Kontakpersoon:

Zapper

Bydraes vir die Oosdopperfees